**Aandpakke**
**Beperkte aantal**
Nos. 5½ en 6.
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat *Net langs Suikerbossie.*

DEEL III, No. 5. VRYDAG, 26 MAART 1943. PRYS 1d.

## A.N.S.-Tak, U. Kaapstad

Met hierdie geleentheid wens die A.N.S.-tak van Universiteit Kaapstad sy buiging te maak voor die studentegemeenskap van Matieland. Ons hoop om voortaan gereeld 'n bydrae te kan lewer wat sal lei tot nouere samewerking tussen die twee takke van ons Bond, en tot bevordering van daardie gevoel van nasionale saamhorigheid wat sal aanspoor tot nasieliefde en nasiediens in die egte studentegees.

Ons tak hoop om met die nuwe jaar — 1943 — 'n bloeitydperk in te gaan want aan geesdrif ontbreek dit geensins nie. Daar word reeds 'n byeenkoms gereël wat vroeg in April sal plaasvind, en die vorm van 'n braaivleisaand of vrugtefees sal aanneem. Alle nasionaalgesinde Afrikanerstudente word hartlik uitgenooi.

Met die Paasvakansie hou die tak ook weer sy jaarlikse kamp, wat alreeds 'n tradisie geword het onder die studente van U.K.

Die eerste vergadering van die jaar is gehou op Dinsdag 9 Maart. Die Die eerste vergadering van die jaar se opkoms was belowend. As taksleier is gekies mnr. Tobie Louw. As sekretaris is aangestel mnr. M. J. v. d. Walt en as landsdiensleier mnr. W. G. Badenhorst. As bestuurslede is gekies mnre. C. Strydom en J. P. Roux, en as addisionele lid is aangestel mnr. Johan du Toit.

## Nuus uit Ikeyland

### Jaar Begin Troebelrig

1943 het vir baie studente op Ikeyland ietwat donker begin. Vanaf Februarie was daar oral hakplekke, en tog skyn niemand daarop te reageer nie — miskien is dit die stilte voor die storm!

**Februarie 1943:**
Senior mediese studente moet met verontwaardiging kennis neem dat nie-blanke studente voortaan ook in die hospitaal toegelaat sal word. Alhoewel niemand die nie-blanke sy geleerdheid wil ontneem nie, gaan dit hier oor 'n diepe beginselsaak. Vanaf die Afrikaanse volkbestaan was algehele segregasie die enigste oplossing vir die nie-blanke rasseprobleem.

Die owerheid alhier, was egter uit die aard van die saak genoodsaak om 'n sekere mate van segregasie toe te pas. Gekleurde studente mag nie by blanke pasiënte kom nie, maar....

**'n Dag Later:**
'n Blanke seuntjie word die lesingskamer binnegestoot ten tyde van 'n kliniek. 'n Paar nie-blankes is teenwoordig!!! Maar nou....

Wat gaan gebeur as daar noodwendig op 'n blanke vrou gedemonstreer moet word???

**Die volgende dag:**
Nie-blanke studente word in die hospitaal se studente tee- en ruskamer opgemerk. — En hulle drink saam met die blankes tee!!!! Om alles te kroon lyk dit asof sommige studente (wat meestal van Semietiese afkoms is) baie van hulle geselskap hou!

**1 Maart:**
Klasse vir alle fakulteite begin en die studentelewe is in volle gang.

**'n Week of wat later:**
Op die aanplakborde verskyn kennisgewings dat universiteitssale nie vir enige danse beskikbaar sal wees nie. As rede word aangegee:— „Die verdonkering."

**10 Maart:**
'n Vergadering van rugby-spelers neem 'n besluit aan, wat in kern saamstem met die standpunt van Stellenbosch e.a. klubs.

Opvallend ook is die feit, dat sekere prominente lede, hulle nie verkiesbaar gestel het, vir leidende posisies in die plaaslike rugbybestuur nie.

**Die Toekoms:**
Vir menige Ukaner lyk die aankomende jaar nie te rooskleurig nie. Maar op eg-Afrikaanse wyse sê almal:

**„Alles sal Regkom"**

# GEESDRIFTIGE O.B.-VERGADERING

## K.G. Stel Eleksie-standpunt

### Moeilikhede word te bowe gekom

Tenspyte van allerlei moeilikhede wat deur die owerhede in die pad van die plaaslike O.B.-kommandos gelê is, het hulle tog daarin geslaag om 'n skitterende ontvangs te reël vir die Kommandant-Generaal, dr. van Rensburg, verlede Donderdag. Die groot getal geesdriftige Brandwagte, die stampvolle stadsaal, die musiek van die O.B.-blaasorkes van Kaapstad, die O.B.-wimpels wat langs die mure van die saal vasgehou is deur Brandwagte en die boodskappe van Hoofgeneraal dr. van Zyl en Kommandant-Generaal dr. van Rensburg was vir almal 'n bron van inspirasie.

### Lewende Versiersels

Hoofkomdt. Yeats, in bevel van die vergadering, het in die begin verduidelik dat die aansoek van die plaaslike kommandos om toegelaat te word om 'n optog te hou, nadat dit deur die hande van die plaaslike polisie, die Bevelvoerende offisier van hierdie afdeling, die Kommissaris van polisie, ens., gegaan het, uiteindelik deur die Minister van Justisie geweier is.

Die plaaslike stadsvaders het hulle geroepe gevoel om ook hulle deeltjie by te dra en wou dus nie toelaat dat die saal versier word nie. Die O.B.-wimpels wat langs die mure van die saal gehang het, is dus nie soos in die verlede met toue aan die mure vasgemaak nie, maar deur Brandwagte in posisie gehou.

Die gewone O.B.-presiesheid was verder die kenmerk van die vlaghysing en die verandering van die wagte gedurende die vergadering. Met die lewendige marsmusiek van die O.B.-blaasorkes het dit alles daartoe meegewerk om die vergadering besonder indrukwekkend te maak.

### Aanbod van die K.G.

In sy toespraak, waarvan 'n volledige verslag in die jongste uitgawe van „Die O.B." verskyn, het die K.G. weereens die hand van vriendskap gereik aan die verskillende Afrikanerpartye en -groepe met die oog op die daarstelling van 'n Afrikaner-front vir die komende eleksie. Ook het die K.G. gewys op die noodsaaklikheid om saam te staan teen die kommunistiese gevaar wat ons in Suid-Afrika bedryg.

Hoofgeneraal van Zyl het veral 'n woord van verwelkoming gerig aan die nuwe lede wat vanjaar by die O.B. aangesluit het en op inspirerende wyse die taak en rigting van die O.B. uiteengesit.

### K.G. Ontmoet Studente

Die lede van die studente-kommandos het die geleentheid gehad om die K.G. in die namiddag te ontmoet. Hierdie gesellige byeenkoms het plaasgevind in die park waar die K.G., nadat hy 'n paar woorde gerig het tot die aanwesiges, op heel informele wyse tussen die studente beweeg het en verskeie vrae beantwoord het. By die geleentheid is 'n foto-album wat kiekies van verlede jaar se werksaamhede bevat aan hom oorhandig deur Adje. A. Spies namens die dames-kommando.

## 'n Veteraan Vertel

### Oom Piet Joubert

Verlede Vrydagaand het daar in die ruskamer van die C.S.V.-hoofgebou 'n klompie studente vergader om te luister na Oom Piet Joubert, een van die veterane uit die Eerste Vryheidsoorlog en een van die laaste oorlewendes van Majuba, oud-Volksraadslid van Transvaal, wat na die Vrede van Vereniging met die Joubert-trek na Oos-Afrika gegaan het en tans woonagtig is in Kenya. Hoewel byna 84 jaar oud, is hy nog sterk van gestel en helder en jonk van gees met 'n stale geheue, wat veral ook geblyk het uit die wyse waarop hy ons die slae van Bronkhorstspruit, Ingogo, Laingsnek en Majuba beskryf het. Vermaaklik was sy vertelling van hoe hulle 'n jong renoster gevang het. Ons bly Oom Piet veral dankbaar vir die genoeglike paar uur wat hy ons verskaf het en ons is bly om te verneem dat ons hom eersdaags op 'n O.B. uitstappie weer kan ontmoet.

## Die Uitslag van die S.V.R.-Verkiesing

Weens die feit dat die vorige S.V.R.-verkiesing ongeldig was, is die verkiesing herhaal. Die eerstekeer het slegs 37% van die stemgeregtigdes gestem, terwyl die tweede-maal 52% hulle stem uitgebring het. Die uitslag is dan as volg:—

Hopkins, Charles.
Botha, Eddie.
Hough, Giel.
Dürr, Elize.
Slabber, Flip.
Fouche, Buks.
Loots, Lieb.
van der Merwe, Gerjo.
Grobbelaar, Noëlle.
de Villiers, Dawid.
Michau, Ina.
Toerien, Piet.
de Villiers, Tol.
van der Merwe, David.
de Waal, Elsabé.
van Niekerk, Piet.
Cilliers, Popeye.
Theron, Joz.
Steyn, Huppel.
Swart, Piet.

## Geslaagde P.S.O.-Funksie

Verlede Woensdagaand het P.S.O. weer sy jaarlikse vrugtefees op Coetzenburg gehou.

Toesprake was min. Na die openingswoord van die Primarius, mnr. G. P. Slabber, waarin hy almal baie hartlik welkom geheet het, om die uiters-gunstige aand baie gesellig deur te bring, is 'n uitstekende verskeidenheidsprogram deur die eerstejaars gelewer. Hier is werklik kunstalent aanwesig! Tenspyte van die kort periode van voorbereiding het elkeen hom op meesterlike wyse van sy taak gekwyt en telkens 'n luide applous uitgelok.

Mnr. Eddie Botha, oud-Primarius van P.S.O. in sy kort toespraak aan die einde van die verrigtings, het kortliks die ontstaan, groei en huidige posisie van P.S.O. in die studentesamelewing geskets. Vervolgens het hy daarop gewys dat van die ses P.S.O.-vrugtefeeste waar hy aanwesig was, hierdie een die beste en lekkerste was.

*Maties!*
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
Maak gebruik van ons Afrikanerdienste en koop by
**DIE VOORTREKKER-APTEEK**
(net langs Barclays Bank)
STELLENBOSCH.

**Vanaf 5 tot 10 April**
*DIE NAGTEGAAL*
MNR. ANDRÉ HUGUENOT EN GESELSKAP
**J. Murray-Gedenksaal**
*(C.S.V.-Boekhandel)*
Bespreek dadelik by C.S.V.-BOEKHANDEL

## „EX LIBRIS"

### Ds. T. N. Hanekom.

DIE JEUG IN AANVRAAG

„....jong seuns aan wie geen enkele liggaamsgebrek was nie, maar mooi...vernuftig.... in besit van wysheid...kennis en wetenskap, en bekwaam.." (Dan. 1:4).

Die boek Daniel begin op die noodlottige dag toe die leërs van Nebukadneser voor die poorte van Jerusalem saamgetrek word. Jerusalem was 'n heilige stad, die „rotsburg van die Here," soos 'n digterwoord dit beskrywe. Daar was bewaar die goudskatte van baie eeue en alles wat die ou Joodse kuns en kultuur kon voortbring. Ook die kennis van die ware God, die God van die Verbond, was daar bewaar. Maar van al hierdie dinge het Nebukadneser weinig kennis geneem. Sy belangstelling is gerig op iets anders. Hy wil die jeug van Jerusalem hê, en dan ook die edelste, die bekwaamste jongmanne van hoë afkoms, voortreflike voorkoms en uitstaande talente.

In die gees van Nebukadneser spreek die gees van die wêreld, ook die wêreld van vandag. Daar is geen Jerusalem op die hele aarde wat nie vandag beleër word deur die wêreldleiers, die Nebukadnesers van vandag. En hulle vra die jeug van die kerk, jongmanne in wie se lewe opgevang is die geestelike erfenis, waaraan die kerk eeue gewerk het. En hulle wil die beste hê. Die ander — die liggaamlik verswakte en die geestelik gekrenkte, kan die kerk maar hou en versorg. Dit pas nou eenmaal by sy liefdadigheid en „geestelike" roeping. En, wat meer is, hierdie klas van minderbevoorregte mense, staan ook in die pad van die Nebukadnesers, en bots met sy planne. Want wie meen dat Nebukadneser geen toekomsplanne klaar het vir die jeug, maak 'n fout. Hy het sy planne gereed, en sy bevele is al gegee. Hulle moet ander ete kry, 'n ander taal aanleer en ook ander name. Die taal van hulle moeder is nie goed genoeg vir Nebukadneser se hof en mag ook gladnie daar gepraat word nie. Die name wat vrome ouers oor hulle kinders laat uitroep het voor die gemeente van die Here, moet vervang word deur ander, waarin die name van die koning se afgode verewig is. So word dit tog duidelik, dat die driejaarplan van Nebukadneser **nie beoog die opvoeding van die Joodse jeug nie, maar wel die verandering van hulle lewensbeskouing. Hy wil hulle nie ontwikkel nie, maar verander.**

Wat hier gesê word is waar in elke tyd. Daarom is daar vandag bekommerde ouerharte, en daarom voel die kerk ongerus. Die kerk is nie ontsteld oor hulle wat jonk is nie, maar wel voel die kerk 'n toenemende bekommernis oor die belangstelling wat hulle geniet, en die planne wat vir hulle opgetrek word. En wat moet die kerk nou doen met hierdie saak?

Die kerk sal nie die jeug verwyt nie, nog minder beskuldig vir die verval van die wêreld en veel wat waardevol in die wêreld was. As die jeug in toestand van ballingskap verkeer, in Babel vêr van Jerusalem, dan is dit tog duidelik die skuld van hul vaders. Baie profete het voor die tyd daarteen geprofeteer, maar in sy koorsagtige haas op die weg van ondergang luister geen volk ooit na wat profete sê nie. En so is die profetiese woord verwerp en daarom sit vandag die volksjeug in ballingskap. En 'n ander woord vir ballingskap is „ellende"!

En daarom verwyt ek nie die jeug nie, en beskuldig hom ook nie. Die kerk volg 'n ander beleid en 'n ander beleid en 'n ander weg — die weg van die geloof. Die kerk glo eenvoudig en namate die krisis groter word en ook die gevaar vir die jeug, sal die kerk altyd sterker glo in die woord van profete en in Jesus Christus, die vervuller van die profesie. In Hom lê die hoop vir die toekoms en die redding vir die jeug. Hy roep die jeug, die sterkes en die swakkes, die voortreflike en die minderbevoorregte, die geleerde en die werker, almal sonder onderskeid, en lei hulle op 'n nuwe weg tot 'n nuwe wêreld, waar Hy miskien meer oor hulle lewe te sê sal hê as in die dae voor die val van Jerusalem.

### DIE OORLOG

*Vervolg van bls. 2 kol. 4.*

het, is grootskaalse oorlogsvoering aan hierdie front gedurende die volgende paar maande nie waarskynlik nie.

Intussen gaan die slag van die Atlantiese Oseaan sy gang. Skeepsverliese word van Geallieerde kant nie bekend gemaak nie en Churchill het in sy jongste toespraak die duikbootgevaar glad nie eers genoem nie. As die Britse minister van landbou 'n paar dae gelede kon meld dat die Britse skeepsposisie in die huidige oorlog nog nie so ernstig was as vandag nie, dan is daar slegs twee gevolgtrekkings moontlik, nl. dat die astronomiese tonnemaat wat die Amerikaners besig is om te water te laat, erg oordrewe is of dat vyandelike duikbote meer skepe kelder as wat gebou word.

Oor die fronte in Tunisië en die Verre Ooste die volgende keer.

## Die „Messias"

George Frederick Händel, die kosmopolitaanse musikus, is in 1685 (dieselfde jaar as Bach) in Duitsland gebore. In 1706 het hy na Italië vertrek en vyf jaar later na Engeland, waar hy tot 1741 sowat 40 operas opgevoer het. Na sy dood (1759) is hy in „Poets' Corner" te „Westminster Abbey" begrawe.

Toe Händel se gesondheid en roem begin kwyn het, het hy sy bekendste werk, die oratorium „Die Messias" in minder as 'n maand (22 Aug. tot 14 Sept. 1741) gekomponeer. Hierdie oratorium, seker die mees bekende gewyde komposisie ,is tot woorde van die Bybel (na Tenneus) gekomponeer, en is in Dublin, Ierland, in 1742 vir die eerste keer opgevoer.

„Die Messias" is in werklikheid 'n opera met 'n gewyde onderwerp. Dit getuig van 'n klankrykheid en openbaar 'n besondere verbeeldingskrag. Francis Toye druk dit as volg uit: „Hierdie oratorium is in die eerste plaas 'n kunswerk, en word deur al die poësie en helder verbeeldingskrag van 'n kunswerk gekenmerk. Dit het min gemeenskaplik met die Lutherse piëtiet van Bach se godsdienstige musiek; dit is vol kleur en studies in opsetlike kontraste rondom die sentrale misterie van Verlossing. Dit is nòg Katoliek nòg Protestants, maar is definitief Christelik."

Ons wil graag almal, wat moontlik kan, aanraai om deel te neem in die opvoering onder Herr Hans Endler. Herr Endler het nie alleen in Johann Strauss se hof-orkes gespeel nie, maar het ook persoonlike kontakte met sulke wêreldberoemde musici soos Brahms, Grieg, Lehar, Richter, ens. gehad, en was ook tot ridder deur die Oostenryke keiser geslaan. Om onder so'n musikus soos Herr Endler te sing is 'n ware inspirasie.

Deur hierdie oratorium te sing en te oefen, vind 'n mens die ware skoonheid daarin. Kom seker na die oefeninge! U mag nie die naam van Stellenbosch as kultuursentrum, die naam van Herr Endler, in die steek laat nie.

---

Eerskomende Saterdagaand om 8 uur vind die *Eerstejaarsaand* van die U.S.-Debatsvereniging plaas in die Huishoudkundesaal. Die sprekers kom uit die geledere van die nuwelinge en die gaan glo oor die onderwerp *„Ko-Edukasie is wenslik."*

## Onder Onsies

Mej. A. van der Spuy, oud-Sonopper, het verlede naweek by haar suster in Sonop deurgebring.

* * *

Mej. C. Strauss, uit die H.P.O.D. III klas het haar onlangs verloof aan mnr. Attie Theron van Worcester.

* * *

Verlede Vrydag is by die Terpsdans verskeie oud-Maties opgemerk, onder andere: Mejj. Lettie Jonker, Isabel Truter, Dons van Breda en mnr. Tollies Engelbrecht.

* * *

Mej. Susan Malan was verlede naweek in Monica tuis.

* * *

Oud-Sonopper Ina Smuts, wat tans op Pretoria is, het haar verloof aan mnr. Laubscher van Pretoria.

* * *

Mej. Rae Walker, oud-Sonopper, het 'n pos in Queenstown aanvaar.

* * *

Mnr. A. B. Cilliers, oud-Matie, werk teenswoordig op Fraserburg.

* * *

Verlede Sondagnag is die vader van mej. Elaine Stander van Sonop oorlede. „Die Matie" wens hiermee sy innige simpatie te betuig.

* * *

Mnr. Chris du Toit wat verlede jaar onderwys op Calvinia gegee het, is tans in die Kaap vir verdere studie.

### Die Vernuftige Dame Sê:

Die oë is die venster van ons siel waardeur alle emosies geopenbaar word. Hulle verleen aan die gesig, karakter en lewendigheid en bo alles maak hul die gesig jonk! Dit is dus elkeen se plig om u oë op te pas, sodat dit so lank as moontlik jonk en mooi kan bly.

Hou u oë fris en mooi deur gereelde oogbaddens te neem. Flou soutwater is 'n uitstekende middel.

Oogoefening help om die oogspiere te versterk en die oë jonk te hou. Doen die volgende oefeninge 'n paar maal elke dag.

1. Maak die oë goed toe en tel drie, maak dan die oë wyd oop. Herhaal 12 maal.

2. Kyk reguit vorentoe, dan regs, dan af en dan links. Doen dan die teenoorgestelde deur eers links, dan af, dan regs en dan vorentoe te kyk. Herhaal 6 maal.

Verder, moenie u oë ooreis deur in swak lig te lees of te lank in skerp sonlig te verkeer sonder 'n goeie sonbril nie.


Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE

KWV

DRUIWESAP

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

HOOFKWARTIER VAN GESONDHEID

Soos na ouder gewoonte.... ontmoet julle vriende by

SUIKERBOSSIE MELKSALON

vir 'n lekker melkdrankie, koffie, ens.

*Onder persoonlike toesig van OOM HUGO.*

APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

JOERNING en SEUN (Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat, STELLENBOSCH.

Dames!

Sorg dat u die eerste is om die nuwe uitstalling te sien van

Mej. E. le Roux

(vroeër van Tant Mita)

*MODEMAAKSTER,*

PLEINSTRAAT.

*Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.*

Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede.

R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.

h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD en Pleinstraat, STELLENBOSCH.

DIE EIKE KAFEE

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

Rook Springbok-Sigarette

# Rugby-Bond vir Wes-Kaapland

## Welkom!

**Van harte heet „Die Matie" die nuwe Rugby-Bond vir Wes-Kaapland welkom en wens hom alle sukses toe. Mag hy alle Afrikaners, wat rugby wil speel terwille van die spel self en vir niks anders nie, in 'n hegte eenheid saambind met die regte gees van saamhorigheid en kameraadskap.**

Ook wens „Die Matie" dr. Stegmann, George van Reenen, Anton Luckhoff en Pierre de Villiers, om maar 'n paar name te noem, hartlik geluk met die bekroning van hulle stryd. Oubaas Mark en hulle het met voorbeeldige geduld weke lank probeer om die eenheid van die spel te red. Dit het hulle nie geluk nie; maar is die nuwe eenheid wat hulle onder volksgenote verkry het vir hierdie tyd nie moontlik iets beters nie? Is dit nie weer 'n geval waar uit die kwaaie die goeie gebore is nie?

NABETRAGTING

Wat „Die Matie" en elke nugtere mens sien kom het, wat trouens 'n blinde met 'n stok kon gevoel het, het nou gebeur. Die Boere het opgesaal.

In die verlede het 'n mens tot vervelens toe by elke sportfunksie die afgesaagde stelling moes verneem van die verbroederende invloed van sport, byname van rugby, op die twee rasse. Ons moet erken dat daar iets van waar was; dit het sy goeie kant gehad, hoewel „Die Matie," uit hoofde van sy rigting, nou nie juis daarmee sou gedweep het nie. Waarom nie? Omdat die toenadering soos op elke ander gebied, alleen daar was as dit van die een kant gekom het. Die proef op die som het ons nou weer gehad in die hele lange onderhandelingsgeskiedenis wat gelei het tot die stigting van die Wes-Kaaplandse Rugby-Bond. „Die Matie" kan hom geen reggeaarde Afrikaner voorstel nie, wat die nuwe rugbyunie, selfs al het hy dit nie vooraf verlang nie, nie van harte welkom heet nie as die enigste uitweg uit die visieuse sirkel.

Ons neem almal met 'n sekere mate van weemoed afskeid van Nuweland met die gloeiende herinneringe aan die geur en die kleur en die opwinding van Intervarsity. Intervarsity op Nuweland was vir die rugbyliefhebber van heinde en ver maar bo-al vir die student inderdaad 'n Mekka, die eindpunt van sy saligste rugby-drome. Maar nou is Nuweland vir ons simbolies geword van iets anders, van iets wat ons liefs nie met Nuweland wou assosieer nie, omdat dit sedert honderd jaar en meer verdeeldheid en bitterheid onder ons gesaai het.

Daar sal baie gras op Nuweland moet groei voordat Stellenbosch weer daar gesien word. Ordentlik en onordentlik pas ook nie bymekaar nie.

So ry die Boere, sit sit so!

# Bofbal-Intervarsity

## Koos Meyer — Aanvoerder

Die Ikeys is besig om met alle mag voor te berei vir die Bofbal-intervarsity wat môre op Rosebank plaasvind. Aangesien daar moontlik nie vanjaar 'n Voetbal-intervarsity gaan plaasvind nie, het die S.V.R. van U.K. 'n Sangkomitee aangestel wat nie minder as agt sangoefeninge gereel het nie, en wat reeds 500 plekke op die paviljoen bespreek het.

Stellenbosch is nie van plan om hierby agter te staan nie, gevolglik het die Intervarsity-komitee van verlede jaar ook 'n paar sangoefeninge gereel. Dit wil dus voorkom asof die regte Intervarsity gees môre op Rosebank teenwoordig gaan wees. Ons hoop dat Koos Meyer, die Matie-aanvoerder op die paviljoen, en sy ondersteuners die ou Matie tradisie sal handhaaf en die Ikeys met die kous oor die kop huis-toe sal stuur.

Die Eerstespan-wedstryd wat om 4-uur 'n aanvang neem beloof om besonder interessant te wees daar albei die spanne nog nie vanjaar 'n wedstryd verloor het nie. Die wedstryd sal dus ook moet beslis wie die kompetisie vanjaar gaan wen.

Die Tweedespan-wedstryd begin om 2 n.m. en onmiddelik daarna vind die tradisionele „Rag" plaas.

Die ondersteuning van elke Matie sal môre op Rosebank nodig wees om die Ikeys, met agt sangoefeninge en al, van die veld af te sing.

**Heerlike Vars Vrugte**
*by*
**J. G. Canaris**

**AVBOB**
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

# Sportnuus

## Tennis-Intervarsity

Die Maties het Saterdag gelykop gespeel met die Ikeys in die jaarlikse gemengde Intervarsity op die Sentrale Bane. Spel uit die boonste rakke is gelewer, en veral Chris. Muller en mej. Ina Michau verdien spesiale melding. Hulle het maklik hulle wedstryde gewen en was ook verantwoordelik vir pragtige tennis.

Ook Danie Brink en mej. Fraser het mooi kombineer en daarin geslaag om twee sulke gedugte teenstanders soos Denis Hodgson en mej. Miller met die kous oor die kop van die baan te stuur.

Die uitslag van die botsing was presies gelykop met 4 wedstryde elk en 9 spelle elk.

## Krieket

Onder aanvoering van hul kaptein, Neil Roux, het die Universiteits 1e Krieketspan die 2de helfte van die seisoen so begin dat hulle kanse teen U.K. in die jaarlikse Intervarsity, wat binne twee weke afgespeel sal word, voorwaar as goed beskou kan word. Die span is aansienlik versterk deur 'n paar goeie nuwelinge, waaronder veral W. Brune genoem kan word, aan die ander kant het o.a. Jan Louw en R. Hofmeyr, twee van die beste kolwers ons aan die einde van verlede jaar verlaat.

Wat egter ook al mag gebeur: die geesdrif vir Intervarsity loop hoog onder die spelers en hulle is vasberade om eindelik die Ikeys, na twee agtereenvolgende neerlae, in hierdie belangrike botsing te klop.

Dat hulle volgende seisoen met alle reg op seniorstatus aanspraak sal kan maak, het die Matie-elftal week na week al getoon hierdie seisoen.

**DIE UITSPAN**
se *ROOMYS*
is beroemd,
die *KOELDRANKE*
is meestal suiwer
vrugtesap.
Sulke *ETES* kry 'n mens
maar net in
**DIE UITSPAN**

Verlede Saterdag nog het hul 'n puik vertoning gelewer deur Belmont met 201 lopie vir 3 paaltjies te klop. F. Krone het 'n honderdtal behaal.

## Atletiek

Die plaaslike atletiekklub is nou reeds twee weke besig met 'n puntereeks kompetisie. Dit word goed ondersteun en die toekoms vir atletiek is voorwaar goed. Die klub het 'n paar eersteklas atlete onder die nuwelinge bygekry, waaronder D. J. Joubert, van Heidelberg. Hy is 'n neef van die beroemde Springbokatleet, en het verlede jaar sensasie aan die Rand veroorsaak deur die 220 tree in die vinnige tyd van 22 sek. af te lê toe hy nog O.19 was. Izak Buys, die 440 tree kampioen het hom ook hier gevestig. Die vertonings van hierdie manne en andere word Saterdag by geleentheid van die Nuwelinge-byeenkoms met belangstelling afgewag.

## Manshokkie

Die eerste offisiële algemene oefening vind volgende week plaas, waarskynlik Maandag. Hou die kennisgewings dop. Hokkiespelers, sowel as alle ander persone wat van plan is om vanjaar hokkie te speel, word vriendelik uitgenooi om die oefening by te woon.

Daar sal stokke op die veld beskikbaar wees vir nuwelinge wat nie stokke het nie. Spelers wat ekstra stokke het en dit wil verkoop, moet dit saambring na die veld.

Onderhandelings word reeds getref vir vriendskaplike wedstryde vir die 1ste, 2de en 3de spanne op Saterdag, 3 April.

## Bofbal

Die Maties het Saterdag mooi vertoon deur die sterk span van Seepunt-Nomads, met 9—2 te verslaan. Pierre de Wet was veral op stryk, en dit het op een stadium gelyk asof hy die gooiersideaal gaan verwesenlik. Die Maties en Ikeys staan op die oomblik saam bo-aan die puntelys, en Intervarsity, wat binnekort gehou word, sal moet beslis wie eintlik die sterkste is vanjaar.

Huis-de-Villiers se Flentersaand was 'n groot sukses en het £35 opgebring. Dank aan ondersteuners!

* * *

Die Boere-Orkes het Saterdagaand 'n baie geslaagde konsert in die Hofmeyrsaal gehou ten behoewe van die Reddingsdaadbond.

# PLATE-PROGRAM

## Sondagaand, 27 Maart, 8.30

1. **Les Préludes (Franz Liszt).** Hierdie veelsydige komponis het die Simfoniese Gedig ontwerp. Van hom bestaan 'n twaalftal werke in hierdie styl, o.a. **Mazeppa, Orpheus en Tasso.** Die bekendste van die Simfoniese Gedigte is **Les Préludes,** eintlik 'n werk sonder 'n definitiewe program, maar wat Liszt beskou het as 'n testament van die Lewe. Liszt het op hierdie gebied, soos op alle gebiede waarop hy hom gewaag het, baanbrekerswerk gedoen wat vir die latere komponiste van uiters groot waarde is. Die Simfoniese Gedigte van **Saint-Saëns, Strauss** en **Sibelius** is gemodelleer op die dergelike werke van Liszt. **Les Préludes** is 'n voorbeeld van die orkestrasie-vermoë van Franz Liszt.
2. **Feldeinsamheit en Immer leiser wird mein Schlummer (Johannes Brahms).** Hierdie twee liedere skep onderskeidelik 'n atmosfeer van eensaamheid en droomteerheid. Dit is kuns op 'n peil waartoe alleen die groot „Lieder"-komponis" in staat is. Saam met Schubert, Schumann en Wolf is die naam van Brahms verewig as „Lieder"-komponis. Interessant is dat Brahms die opening van „Immer leiser wird mein Schlummer" gebruik in die stadige beweging van sy groot Klavierkonsert in B-es.
3. **„Verrassing"-Simfonie (Joseph Haydn).** In sy loopbaan as komponis het Haydn op 'n punt gekom waar hy hom vererg vir die luilekker, gemaklike, aan-die-slaap gehore by musiek-konserte. Om hulle wakker te skud, skryf hy hierdie amusante Simfonie met sy verrassings-akkoorde wat onverwags elke nou en dan aandag verg. Die werk is tipies van die vrolike, dog nie oppervlakkige, oubaas Haydn — genotvol van begin tot end.

## Die Eerste Terpsdans

Verlede Vrydagaand was die stadsaal die toneel van groot jolyt. Nieteenstaande die feit dat dit die warmste dag vir 'n aantal jare was, het 'n groot klomp dansers opgedaag om die eerste Terpsdans van die jaar by te woon.

Terwyl hulle op maat van die musiek van die Manhattan-orkes weggeswaai het, het die dansendes by wyle die hitte vergeet.

Nietemin was dit 'n genotvolle aand. 'n Belangrike verandering is gemaak toe daar vanjaar besluit is om alle toekomstige Terps-danse in die Stadsaal te hou in plaas van die „Conserve."

Kom kyk na ons Nuwe Uitstalling van Mans „Rex Donical" Sportspakke. Dis net die ideale pak vir Naweekdrag of Klasloop.

Ons nuwe besending Jaste is nou in voorraad, pryse vanaf 82/4, 105/-, 124/-, tot 178/-.

Warm Wolserpe 2/11, 3/3, 4/6, 5/6, 7/6. Warm Slaappakke in die nuutste kleure 13/6, 14/4, 16/6. Warm Oortrekjersies met Hoë Kraag 12/11, met Ritssluiter 15/11, met Rolkraag 23/-.

Sambrele 5/3, 8/6, 10/6, 11/6 tot 15/6.

Vergelyk eers ons pryse voor u koop.

**GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.**
Foon 20. Birdstraat, Bus 21.
STELLENBOSCH.

*Die Volgende Voorgeskrewe Boeke*
*het so pas aangekom!*

1. Austen: Sense & Sensibility .. .. .. .. .. .. 3/6
2. Hampden: Nine Modern Plays .. .. .. .. .. 2/3
3. Brierly: Law of Nations .. .. .. .. .. .. .. 8/–
4. Cohen: Theoretical Organic Chemistry .. .. 12/6
5. Loney: Plane Trigonometry .. .. .. .. .. .. 13/6
6. Mitchell: Building Construction .. .. .. .. .. 10/–
7. Wilson: Vaulting & Agility .. .. .. .. .. .. 6/3
8. Cambridge Greek Test. St. Luke .. .. .. .. .. 9/6

**C.S.V.-BOEKHANDEL**
**STELLENBOSCH**